# Salige Daudi Okelo en Jildo Irwa

## 20 Oktober



(c.291-371)

Hierdie twee jong martelare van Midde-Afrika was deel van die eerste generasie Christene in dié gebied danksy die evangelisasie van die Comboni sendelinge. Daudi se liefde vir die Here Jesus het vrugte gedra in sy werk as kategeet. Hierin is hy bygestaan deur Jildo. In die dorp Paimol waar hulle gewerk het, was daar egter groot teenkanting teen die Christene. Toe daar oproerigheid uitbreek is Daudi en Jildo gedreig en mishandel en uiteindelik met spiese doodgesteek. Later sou die Christene die plek waar hulle vermoor is herdoop na Palamuku na Wi Polo (in die hemel) as herinnering aan die Onse Vader-gebed wat hulle besig was om aan die dorpenaars te leer toe hulle gevang en vermoor is.

© Die Oratorium Uitgewery